higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT DIE REGTE
NKR VLAK 2

(8021002)

13 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: As jy meer vrae as die vereiste aantal vrae beantwoord, word slegs die vereiste aantal vrae nagesien. Trek 'n duidelike streep deur al die werk wat nie nagesien moet word nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.

2. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B, C en D.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Laat 'n reël oop en trek 'n streep oor die bladsy na die voltooiing van elke vraag

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Kies die mees korrekte stelling:

A Die gemenereg is 'n versameling regsreëls wat met verloop van tyd ontwikkel is.
B Die gemenereg is van ander of ouer regstelsels soos die Romeinse reg afkomstig.
C Sowel A as B.
D Die gemenereg verander nie wanneer die parlement wetgewing maak nie.

1.1.2 Kies die mees korrekte stelling:

A Wetgewing bestaan uit 'n wet of 'n stel wette wat deur 'n gemagtigde persoon of regsowerheid soos die parlement gemaak word.
B Die gemenereg is van ander of ouer regstelsels soos die Romeins-Hollandse reg afkomstig.
C Sowel A as B.
D Die gemenereg is nie op kontrakte in Suid-Afrika van toepassing nie.

1.1.3 Watter een van die volgende stellings is korrek?

A 'n Presedent is 'n uitspraak deur 'n geregshof wat 'n regsreël word vir besluite wat later geneem moet word.
B Alle misdaad in Suid-Afrika is gemenereg misdaad.
C Moord, rooftogte en diefstal is statutêre misdade waarvoor daar in die Romeins-Hollandse reg voorsiening gemaak word.
D Enige nuwe wet of regeringsoptrede kan die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, opsysit.

1.1.4 Watter stelling is verkeerd?

A 'n Vennootskap word gevorm wanneer twee of meer mense ooreenkom om 'n onderneming tot stand te bring en elke persoon 'n bydrae lewer.
B 'n Vennootskap word gevorm wanneer twee of meer mense ooreenkom om 'n onderneming tot stand te bring waarin elke persoon 'n bydrae lewer en 'n deel van die wins verkry.
C Beslote korporasies en maatskappye is voorbeelde van regspersone.
D Wanneer die partye in 'n vennootskap oor die basiese elemente van die vennootskap ooreenkom, moet dit geformaliseer word.

Kopiereg voorbehou

1.1.5 Kies die mees korrekte stelling.

Die volgende is die kernelemente van 'n vennootskap:

A Die partye moet nie oor elke vennoot se bydrae tot die onderneming ooreenkom nie.
B Die onderneming se doel moet wees om wins te maak.
C Die partye hoef nie onderling ooreen te kom oor die deel van die onderneming se wins (en verlies) nie.
D Sowel A as B.

(5 × 1) (5)

1.2 Kies 'n item/woord uit KOLOM A wat by 'n beskrywing in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Gewoontereg	A	'n wet of reël
1.2.2	Inheemse reg	B	die vonnis wat 'n hof oplê
1.2.3	'n Maatskappy	C	mense wat aandele in 'n maatskappy besit
1.2.4	Statuut/wet	D	mense wat nog altyd in 'n bepaalde gebied gebly of daar hoort
1.2.5	Wettereg (landswette)	E	iets soos 'n maatskappy en iets soos 'n vennootskap
1.2.6	Uitspraak	F	lede van 'n beslote korporasie
1.2.7	Aandeelhouers	G	wanneer die geld opdroog terwyl 'n onderneming bedryf word
1.2.8	Beslote korporasie	H	die Grondwet, wette van die parlement, provinsiale wette, munisipale regulasies en alle ander wetgewing
1.2.9	Maksimum van tien natuurlike persone	I	'n organisasie wat as regspersoon erken word en amper enige soort besigheid doen
1.2.10	Insolvensie	J	'n reg wat uit die gewoontes, tradisies, kultuur en gebruike van spesifieke gemeenskappe van inheemse mense voortspruit

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Regsreëls is die reëls wat 'n land of staat wil hê die mense wat daar bly, moet nakom.

1.3.2 'n Voorbeeld van 'n regsreël: Jy mag nie 'n motorvoertuig sonder 'n geldige bestuurslisensie bestuur nie.

1.3.3 Regskapasiteit is die vermoë om regte en pligte te hê. Mense, plante en diere beskik oor hierdie vermoë.

1.3.4 Regstatus is die totale aantal regte en pligte waaroor 'n regsubjek beskik.

1.3.5 'n Verlowing is 'n ooreenkoms tussen drie mense waarin hulle belowe om in die toekoms met mekaar te trou.

1.3.6 'n Huwelik is 'n kontrak.

1.3.7 Die sakereg word ook die eiendomsreg genoem.

1.3.8 'n Ware reg is 'n eis of regsvordering wat een persoon teen 'n ander persoon kan instel.

1.3.9 Die erfreg handel oor dit wat met 'n persoon se eiendom gebeur wanneer hy/sy gesterf het.

1.3.10 'n Boedel is 'n persoon se totale bates soos 'n huis, motor, geld of beleggings.

(10 × 1) (10)

1.4 Gee EEN woord/term vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 'n Situasie waarin iemand ten koste van 'n ander persoon bevoordeel word

1.4.2 Wanneer 'n persoon namens 'n ander persoon optree om skade te voorkom

1.4.3 'n Getekende belofte wat op skrif gestel is om 'n bepaalde som geld op aanvraag of op 'n toekomstige datum te betaal

1.4.4 'n Skriftelike instruksie deur een persoon aan 'n ander om 'n bepaalde som geld aan 'n gespesifiseerde persoon of die persoon wat dit besit, te betaal

1.4.5 'n Kontrak in goeder trou tussen 'n versekeraar en 'n versekerde, waarin die versekeraar onderneem om 'n som geld aan die versekerde te betaal indien daar 'n risiko voorkom

(5 × 1) (5)

[30]

TOTAAL VIR AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Administratiefreg is die deel van publiekreg wat ons oor die uitvoerende gesag van die regering inlig asook hoe dit die daaglikse bedryf van die regering bestuur.

Differensieer tussen die volgende:

2.1 Wetgewende ('legislative') handelinge

2.2 Geregtelike ('judicial') handelinge

2.3 Suiwer administratiewe handelinge

(5 × 3) **[15]**

VRAAG 3

Verswarende faktore is elemente wat 'n regter oortuig om 'n swaarder vonnis op te lê.

Gee VYF voorbeelde van hierdie faktore. **[5]**

TOTAAL VIR AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Die Wysigingswet op Bewysreg 45 van 1988 bepaal dat die hof die inheemse reg kan aanvaar sonder dat dit eers bewys moet word. Dit beteken dat die inheemse reg steeds in Suid-Afrika van toepassing is.

Bespreek die 'persoon in die inheemse reg', met verwysing na die rol wat die inheemse reg in Suid-Afrika speel. **[10]**

VRAAG 5

5.1 Noem VYF laer howe in Suid-Afrika. (5)

5.2 Bespreek die doel (funksies) van die landdroshof. (4)

5.3 Verduidelik kortliks die hofverrigtinge deur na die volgende te verwys:

5.3.1 Die aanklag (3)

5.3.2 Die opening van die dossier (3)

5.3.3 Die besluit om te vervolg (2)

5.4 Beskryf die doel van die Grondeishof. (3)

[20]

TOTAAL VIR AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 6

Enige land het wette, moraliteit en geregtigheid. Voorbeelde van regsreëls is die verbintenisreg, kontraktereg, deliktereg, en so meer.

Beskryf die volgende:

6.1 Wat is *die reg*?

6.2 Wat is *geregtigheid*?

[20]

OF

VRAAG 7

Sommige kontrakte wat mense onderteken, is nie geldig of wettig nie. Die kontraktereg help enige persoon om te verseker dat kontrakte geldig is. Wanneer sake gedoen word, het dit tot gevolg dat belasting betaal moet word wat as direkte en indirekte belasting gegroepeer word.

7.1 Beskryf 'n *kontrak*. (10)

7.2 Bespreek indirekte belasting deur na die volgende te verwys:

A Belasting op toegevoegde waarde (4)
B Doeane- en aksynsbelasting (3)
C Hereregte (3)

[20]

TOTAAL VIR AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou